| Plak asseblief die strepieskode hier |
|---|

**TOTALE PUNTE**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

# PERDESTUDIE

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur 200 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 28 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig.
3. Beantwoord **al** die vrae.
4. Alle antwoorde moet OP hierdie vraestel geskryf word en aan die einde van die eksamensessie ingehandig word. Onthou om jou eksamennommer in die blokkies hierbo in te vul.
5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
6. Dit word aanbeveel dat jy ongeveer een uur aan elke afdeling bestee.
7. Dit is tot jou eie voordeel om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. EEN blanko bladsy (bladsy 28) word aan die einde van die vraestel ingesluit. As jy nie genoeg spasie vir 'n antwoord het nie, gebruik hierdie bladsy. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan as jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

**SLEGS VIR NASIENERS SE GEBRUIK**

| **Vraag** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 24 | 38 | 38 | 35 | 35 | 30 | **200** |
| **Nagesien** | | | | | | | |
| **Gemodereer** | | | | | | | |

IEB Copyright © 2023

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte antwoord vir 1.1.1 – 1.1.6 en skryf die antwoord in die spasie wat voorsien word.

1.1.1 'n Perd wat aanhoudend sy stert vryf, sal waarskynlik hierdie besmetting hê:

A Bloedwurms
B **Rondewurms**
C Haarwurms
D Speldewurms

____________________ (1)

1.1.2 Soönotiese siekte word die beste na verwys as een wat …

A aanmeldbaar is.
B hoogs aansteeklik is.
C kwarantyn vereis.
D van diere na mense oorgedra word.

____________________ (1)

1.1.3 Op watter stelsel kan die vervoer van perde oor lang afstande sonder 'n breek potensieel 'n ernstige impak hê?

A Urinestelsel
B Senustelsel
C Voortplantingstelsel
D Respiratoriese stelsel

____________________ (1)

1.1.4 By stalperde kan onvoldoende tyd om voer soos gras, kaf en hooi te vreet, lei tot die ontwikkeling van:

A Laminitis
B Maagsere
C Verstikking
D Maandagoggend-siekte

____________________ (1)

IEB Copyright © 2023

1.1.5 Cushing se siekte word spesifiek veroorsaak deur …

A. gevorderde ouderdom.
B 'n breingewas.
C wanfunksionele spysverteringstelsel.
D 'n pituïtêre klier gewas.

____________________ (1)

1.1.6 In watter perdegewrig kom sluiting of opwaartse fiksasie van die patella voor?


A Vetlok
B Kniegewrig
C Knie
D Heup

____________________ (1)

IEB Copyright © 2023

1.2 Gee die korrekte term vir elke fase van die hartsiklus in die diagramme hieronder.

1.2.1



1.2.2



[Bron: <https://healthy-ojas.com>]

1.2.1 ______________________________

1.2.2 ______________________________

(2)

1.2.3 Gee 'n kort verduideliking van hoekom die hartwand aan die een kant dikker as aan die ander kant is.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

(3)

IEB Copyright © 2023

1.3 Gebruik die sleutel hieronder om die tabel te voltooi wat die gemiddelde tydraamwerk vir die sny van sowel **melktande** as **permanente tande** aandui.

| **OUDERDOM VAN SNY** | 0–1 MAANDE | 1–3 MAANDE | 9 MAANDE | 18 MAANDE | 2,5 JAAR | 3,5 JAAR | 4,5 JAAR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SENTRALE SNYTANDE | | | | | | | |
| LATERALE SNYTANDE | | | | | | | |
| HOEK-SNYTANDE | | | | | | | |

**Sleutel:**
Melktande: M
Permanente tande: P

*Voorbeeld:*

| **OUDERDOM VAN SNY** | 0–1 MAANDE | 1–3 MAANDE | 9 MAANDE | 18 MAANDE | 2,5 JAAR | 3,5 JAAR | 4,5 JAAR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1STE MAALTAND | | | **P** | | | | |

(6)

1.4 Noem die funksies van die volgende hoefstrukture.

1.4.1 Horingstraal (hoefstraal) ('frog')

___

(1)

1.4.2 Hoefwand

___

(1)

1.4.3 Sool

___

(1)

1.5 Jy vermoed dat 'n perd in jou sorg asemhalingsnood ervaar; lys die simptome wat jy vir jou veearts sal gee.

(4)
**[24]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 2

2.1 Teken en benoem 'n diagram van die perd se spysverteringskanaal.

*Let wel: 2 punte sal toegeken word vir die skaal en akkuraatheid van jou diagram.* (12)

2.2 Gee die term vir onwillekeurige golfagtige spierbeweging in die perd se spysverteringskanaal en bespreek die rol wat dit in spysvertering speel.

(5)

2.3 Verduidelik die vertering van vesel in die agterderm van die perd.

(5)

IEB Copyright © 2023

2.4 Beskryf die rol wat prebiotika, in teenstelling met probiotika, in 'n perd se dieet speel.

(4)

2.5 Skep 'n voedingsplan vir die volgende perd:

'n 10-jarige shire-kruis reunperd wat 500 kg weeg en gedurende die winter in die noordelike halfrond woon. Hy is nie 'n werkende perd nie. Hy ly soms aan laminitis.

(12)
**[38]**

**62 punte**

IEB Copyright © 2023

## AFDELING B

## VRAAG 3

**Lees die volgende uittreksel uit 'n artikel in *Farmer's Weekly* en beantwoord die vrae wat volg.**

> Wanneer perde se pote onegalig land, raak die hoewe misvormd en ongebalanseerd – krom bene, swak gewrigte of bobeenpyn kan alles dit veroorsaak. Net so is hoewe wat verwaarloos is of onderwerp is aan slegte vyl of skoen, ook geneig tot hierdie probleem.
>
> ''n Ongebalanseerde hoef plaas onegalige spanning op die agterste deel van die poot, wat lei tot te veel krag aan die een kant, en een hakbol wat hoër as die ander eindig,' het Kim Dyson aan *Farmer's Weekly* gesê.
>
> Om hierdie toestand te herken, sê Dyson, moet die perd van agter af bekyk word terwyl dit op 'n plat oppervlak staan. As die perd hierdie probleem het, sal die een kant van die hak hoër as die ander wees.

[Aangepas van <https://www.farmersweekly.co.za>]

3.1 Noem die toestand wat hierbo beskryf word.

________________________________________

________________________________________ (2)

3.2 Som die paragrawe hierbo in jou eie woorde op.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (4)

3.3 Verduidelik die verband tussen sproei en die toestand wat hierbo beskryf word.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (4)

IEB Copyright © 2023 

3.4 Lees die volgende uittreksel van later in die artikel:

> 'Die perd sal 'n soort ondersteuning oor sy horingstraal benodig, óf 'n hartstaafskoen óf 'n skoen met 'n plaat oor die hak om dit te ondersteun,' sê sy. 'Hoe beter die vrag oor die horingstraal versprei word, hoe beter is die algemene gesondheid van die hoef.'

Verdedig die argument wat hierbo gegee word.

(5)

3.5 Voorspel die prognose van 'n sportperd met die toestand soos beskryf op bladsy 11, tesame met sproei- en kwartkrake. Motiveer jou antwoord met oortuigende redenasie.

(4)

IEB Copyright © 2023

3.6 Jy is gevra om 'n argument te voer ten gunste van 'kaalpoot versus geskoen'.

Jou argument sal gebruik word om 'n debat oor die onderwerp by 'n interryklub-debatskompetisie te open.

(10)

IEB Copyright © 2023

3.7 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: www.iusarecords.com/doom.aspx?yid=3&tags=premier+equine.]

3.7.1 Noem en beskryf die stewels in die foto hierbo.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (3)

3.7.2 Hierdie stewels word dikwels gebruik om 'n baie algemene probleem in die onderbeen te voorkom. Noem hierdie toestand.

______________________________________________

______________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2023

3.7.3 Party werfbestuurders is huiwerig om hierdie stewels te gebruik. Noem VIER moontlike redes vir hul onwilligheid.

(4)
**[38]**

**VRAAG 4**




[Bron: <https://horseanswerstoday.com/media/k2/items/cache/
c9a74589709dbb1f577a8098addf6a36_M.jpg>]

4.1 Noem twee veltoestande wat die jeuk-krap-siklus by perde kan veroorsaak.

__________________________________________________

(2)

4.2 Noem vier spesifieke entiteite (plant, substansie, mikrobe, ens.) wat 'n jeukerigheid op die perd se vel kan veroorsaak.

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

(4)

IEB Copyright © 2023

4.3 Verduidelik hoekom hierdie vier elemente van die jeuk-krap-siklus as 'n aaneenlopende siklus vertoon word.

(4)

4.4 Skep 'n plan om hierdie jeuk-krap-siklus wat deur perde ervaar word op 'n werf wat jy bestuur, in bedwang te hou. Jy kan maatreëls insluit wat in sowel die stal-, kamp- en ry-omgewings gebruik word.

(8)

IEB Copyright © 2023

4.5 Verduidelik wat inflammasie is.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

4.6 Gee 'n lys behandelings wat jy kan gebruik om inflammasie in jou perd te behandel voordat jy die veearts bel.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

4.7 Watter simptome of areas wat in jou perd ontsteek is, sal aandui dat die veearts vir hierdie ontsteking ontbied moet word?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

IEB Copyright © 2023

4.8 Dokumentasie van voorvalle is 'n vereiste vir elke werfbestuurder. Gee VYF voorbeelde van insidente wat in jou insidentregister geregistreer moet word.

(5)

**[35]**

## VRAAG 5

**Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

| Tydsduur van reis (Uur) | Aantal perde | Aantal perde met pireksie | Voorkoms van perde met pireksie (%) |
|---|---|---|---|
| 0–4 | 69 | 3 | 4.3 |
| 5–9 | 58 | 3 | 5.2 |
| 10–14 | 44 | 0 | 0 |
| 15–19 | 65 | 2 | 3.1 |
| 20–24 | 46 | 12 | 26.1 |
| 25–29 | 66 | 19 | 28.8 |
| 30–34 | 37 | 8 | 21.6 |
| 35–39 | 77 | 18 | 23.4 |
| 50–60 | 24 | 0 | 0 |

[Aangepas van: <https://www.frontiersin.org/articles/10.3389/fvets.2019.00027/full>]

5.1 Aan watter toestand dink jy het die perde met pireksie ná die lang rit gely?

(2)

5.2 Na hoeveel ure se reis het die grootste aantal perde pireksie ervaar?

(1)

5.3 Gee 'n paar redes hoekom die 24 perde wat 50–60 uur gereis het nie 'n voorkoms van pireksie gehad het nie.

(4)

IEB Copyright © 2023

5.4 Gee 'n ander term vir pireksie.

(1)

5.5 Watter ander simptome kan die perde wat pireksie ervaar, ook toon?

(5)

5.6 Noem VYF items wat ingepak moet word wanneer perde oor 'n lang afstand in Suid-Afrika vervoer word.

(5)

5.7 Skep 'n kontrolelys wat gebruik kan word om die gesondheid van die perde in jou sorg na te gaan wanneer jy by jou bestemming aankom.

(7)

IEB Copyright © 2023

5.8 Stel 'n staafgrafiek saam wat die inligting in die tabel op bladsy 20 verteenwoordig. Sluit die aantal reis-ure en die persentasie perde met pireksie in.

(10)
**[35]**

**108 punte**

IEB Copyright © 2023

## AFDELING C

## VRAAG 6

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

**Skuur of werf? As hy 'n keuse gegee word, waar verkies 'n perd om sy tyd deur te bring?**

**Perdebestuur**
Perde word gewoonlik snags en gedurende slegte weer in skure op stal gehou. Opkoms hang af van menslike skedules en voorkeure.

Sue Wilson is 'n navorser van Wishing Well Services in Ontario, Kanada. Sy het 'n wetenskaplike studie gedoen van waar 'n perd verkies om te wees tydens tipiese winter- en lenteweer.

**Die studie**
Sue het 'n studie ontwerp van hoeveel tyd 'n perd verkies om in die skuiling van 'n skuur of buite in 'n kamp deur te bring, teenoor die tyd van die dag en seisoenale weerstoestande.

'n Klein troppie perde woon vrylik in 'n 4-hektaar kamp met maklike toegang tot 'n 70 $m^2$-skuur. Vrykeuse-hooi is in vier wydverspreide stadige voerders in die kamp beskikbaar. Vier hooisakke is in die skuur beskikbaar. Water is ook in die kamp en in die skuur beskikbaar.

Sue het 'n Garmin GPS aan die dominante perd (Major) gekoppel. Sy het sy bewegings 10 dae lank, van 25 Januarie tot 4 Februarie 2019 (winter), en sewe dae lank, van 19 tot 26 Mei 2019 (lente), gemonitor. Sy het data in MapQuest-sagteware afgelaai. Posisie is as óf 'in die skuur' óf 'buite' geklassifiseer. Sy het posisiedata vir elke uur opgesom vir vergelykings van posisie met die tyd van die dag en weerstoestande. Uurlikse weerdata was beskikbaar vanaf 'n nabygeleë Kanadese weerstasie. Hierdie data het temperatuur, windspoed, windkoue en humiditeit ingesluit.

**Gevolge**
Sue het Major se posisie in die skuur of buite vir 368 uur gedurende die studietydperk ontleed. In totaal het Major 79% van sy tyd buite deurgebring. Hy het in die lente aansienlik meer tyd buite deurgebring as in die winter (87% vs. 74%). Die weerstoestande het gedurende die studietydperk aansienlik gewissel. Gemiddelde uurlikse temperature, insluitende windkoue en humiditeit, het gewissel van –36°C tot +30°C. Die temperatuur-datastelreeks is in tien 37-uur periodes verdeel. Major se posisie is volgens hierdie reeks ontleed.

Major het gedurende die vier uiterste temperatuurperiodes aansienlik meer tyd in die skuur deurgebring as gedurende die ses tussenin-periodes. (Temperature onder –18°C of bo +15°C is as uiterstes beskou. Temperature tussen –18°C en +15°C is as tussenin-periodes beskou). Tydens uiters koue en warm toestande was hy 40% van die tyd in die skuur. Tydens matige temperature was hy slegs 9% van die tyd in die skuur.

Die daaglikse patroon van sy posisie het aansienlik verskil tussen die twee seisoene. In die middernagtelike ure (21:00–03:00) was Major in die winter 54% van die tyd in die skuur. In die lente was hy slegs 1% van die tyd in die skuur. Daarenteen was Major in die winter tydens die 'hitte van die dag' (09:00–15:00) slegs 2% van die tyd in die skuur, maar 41% van die tyd gedurende die lente.

[Aangepas van: <https://eurodressage.com/2019/09/22/barn-or-yard-when-given-choice-where-does-horse-choose-spend-its-time>]

IEB Copyright © 2023

6.1 Maak 'n lys van die veranderlikes* in die studie hierbo.
*veranderlike: 'n element, kenmerk of faktor wat kan wissel of verander

(3)

6.2 Dink jy dat die gebruik van stadige voerders buite en hooisakke binne 'n verskil aan die uitkoms van die studie kan maak? Gee redes vir jou antwoord.

(3)

6.3 Hoekom word perde as 'n algemene praktyk in stalle gehou, volgens jou mening?

(5)

IEB Copyright © 2023

6.4 Hoekom is dit belangrik om gevestigde oortuigings in perdesorg te bevraagteken?

(4)

6.5 Die gevolgtrekking van hierdie studie is verwyder. Skep jou eie gevolgtrekking.

(5)

IEB Copyright © 2023

6.6 As jy na die toekoms kyk, stel voor hoe stalwerwe omgeskakel kan word om hierdie navorsing in ag te neem en die perd se natuurlike neigings toe te laat.

(4)

6.7 Was jy verbaas oor die resultate? Gee redes vir jou antwoord.

(3)

IEB Copyright © 2023

6.8 Wanneer is dit gepas om 'n perd 24 uur per dag, sewe dae per week op stal te hou?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

(3)
**[30]**

**30 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2023

**BYKOMENDE SPASIE OM VRAE TE BEANTWOORD. ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT AL DIE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2023